

My Beitbrug tot Blouberg-bergfietsrit vir Kansa

Philip Erasmus

My vrou, Sue, is met borskanker gediagnoseer gedurende Mei 2014, 'n maand voordat ek die Freedom Challenge, 'n bergfiets-wedren van Pietermaritzburg na Wellington oor 'n afstand van 2,200 km waarvan die meeste grondpaaie is, sou aandurf. Gelukkig is die kanker baie vroeg opgespoor en ná 'n klein operasie, net nadat ek die wedren voltooi het, moes sy vir 18 chemo-behandeling sen 30 bestralings gaan. Ek het haar gereeld met hierdie behandelings vergesel.

Die idee om iets groots vir die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) te doen, het by my ontstaan onderwyl ek gedurende Oktober en November 2014 deur KANSA se tydskrifte geblaai het wanneer ek Sue vir haar behandelings geneem het.

Ek hou baie van langafstand-bergfietsritte en het onmiddellik gevoel ek wil van Beitbrug, op die Zimbabwe-grens, na Bloubergstrand ry sonder enige ondersteuning en meestal op grondpaaie.

Ek het begin beplan aan my eie BB2BB ofte wel "Beitbridge to Bloubergstrand". Variasies van die roete is al deur 'n paar persone gery en GPS "tracks" is beskikbaar vir wat ek in gedagte gehad het. Inligting van ritte soos Riding the Dragon's Spine, Race Across Africa en my eie Freedom Challenge "tracks" van Race to Rhodes in 2013 en Race Across South Africa in 2014 was bekombaar. Ek het vir Steve Thomas, wat Riding the Dragon's Spine gery het, gaan sien om 'n bietjie kers by hom op te steek. Hulle was twee ryers en het ondersteuning gehad in die vorm van 'n bakkie wat saam met hulle gery het. Ek het besluit om die tog sonder enige ondersteuning aan te pak aangesien dit die formaat is wat die Freedom Challenge aanneem en omdat dit meer van 'n uitdaging sou wees. As gevolg van die moeilikheid van die terrein en gebrek aan voldoende verblyf in Lesotho tydens Steve se Spine-rit, besluit ek om eerder die Freedom Challenge roete deur Kwazulu-Natal en Oos Kaap te volg.

Ek het in Januarie 2015 begin om my roete, met behulp van bogenoemde GPS "tracks" en 'n Garmin-sagtewarepakket genaamd BaseCamp, uit te lê.

My volgende groot taak was om die idee aan Sue te verkoop. Sy was aanvanklik nie te ingenome nie asook met my "motivering". Sy gee my toestemming op voorwaarde dat iemand saam met my ry. Ek begin soek en kry iemand, naamlik Leon Kruger, wat in 2014 'n gedeelte van die Freedom Challenge saam met my gedoen het.

Ek beplan aanvanklik die rit vir September 2015, maar kom gou tot die gevolgtrekking dat dit te gou is en skuif die rit uit na April 2016.

Van Februarie 2015 het dinge mooi in plek val begin val. Ek doen 'n voorlegging, met 'n projekplan aan KANSA, om hul goeikeuring te kry om die reis onder hul naam te doen met die doel om R100,000 vir KANSA in te samel vir navorsing oor borskanker.

Indien wel, is dit "all systems go". Hulle aanvaar my voorstel en ek reël met hulle dat alle fondse direk aan KANSA betaal sal word om sodoende die projek meer geloofwaardigheid te gee. KANSA gee my 'n skriftelike onderneming wat hul ondersteuning bevestig asook hul bankbesonderhede vir die inbetaling van die fondse.

Ek stel 'n brief saam, wat ek tesame met die KANSA-brief en -kaart van my beplande roete aan spesifieke individue stuur met 'n versoek om 'n bydrae aan KANSA te maak teen R1 of meer of minder per kilometer deur my gery. Die totale geskatte afstand was ongeveer 3,500 km. Ek begin die briewe in die loop van Junie 2015 uitstuur. Teen Augustus staan die beloftes op R50,000 en inbetalings op R30,000. Dit neem toe tot R70,000 en R50,000 teen Oktober en ons haal R100,000 en R70,000 teen Februarie 2016.

Intussen tel ek 'n probleem of twee met my beplande roete op. FC se mense gee toestemming dat ek wel hul roete deur Kwazulu-Natal en Noordoos-Kaap mag gebruik, maar hulle belet my om enige gedeelte van hul roete, waar daar, in die Noordoos-Kaap oor privaat eindom gery word, te gebruik. Dit lei tot bykomende navorsing, maar ek vind voldoende openbare grondpaaie van Rhodes tot Tulbagh om my roete dienoreenkomstig aan te pas.

Ek ontdek onder andere 'n wonderlike 4x4-roete noordoos van Graaff-Reinet wat met 'n boog ooswaarts van die Graaff-Reinet/Middelburg-pad deur Elandskloof en Erasmuskloof loop en net voor Graaff-Reinet weer by die teerpad aansluit. Dit sou blyk om een van die hoogtepunte op die rit te wees. Andries Pretorius se gerestoureerde huis, van waar hy die Groot Trek begin het, is in Elandskloof. Die roete is 'n bietjie langer as die pad wat ek sou volg van my oorslaapplek naby Graaff-Reinet, maar oor en oor die moeite werd om te ry.

Dinge werk mooi uit, want ek reël met 'n niggie wat 15 km noordwes van die pad op 'n plaas boer om daar oor te bly. 'n Tweede niggie bly 50 km suidwes van Graaff-Reinet, wat net 'n gerieflike afstand vir 'n dag se ry is, en 'n derde niggie bly weer 'n gerieflike afstand van haar halfpad tussen Steytlerville en Willowmore.

Tussen Klipplaat en die derde niggie lê Kamferpoort, wat ook asemrowend mooi is en die grond behoort "toevallig" aan Nelis Meiring, my swaer van Kirkwood, se werkgewer. Hulle bied aan om spesiaal die uur en 'n half van Kirkwood na Kamferpoort te ry en die hekke vir my oop te sluit wanneer ek daar kom.

Ek was van plan om van Mooketsi, noordwes van Tzaneen via Haernertsburg deur die Wolkberg-natuurreservaat te ry, maar aangesien verblyf in of naby die Wolkberg 'n probleem blyk te wees en as gevolg van onduidelikheid oor die begaanbaarheid van die roete deur die Wolkberg, pas ek my roete gedurende die laaste week aan en ry van Bandelierskop oor Tzaneen direk na Ohrigstad. Ek ruil dus 300 km wat 60 km teer en 240 km grondpad sou wees, vir 240 km se teer.

'n Vriend, Hennie de Clercq, onderneem om van Kaapstad Johannesburg toe te vlieg,

'n bus Ohrigstad toe te haal en die volgende vier dae saam met my te ry. 'n Ander vriend, Tim van Coller, klim op 4 April op sy fiets, en ry tot op Graskop waar hy die aand slaap. Die volgende dag vat hy die pad Tzaneen toe en ons ontmoet mekaar halfpad tussen Tzaneen en die Abel Erasmus-pas om die res van die dag saam te ry. Hy ry ook twee die volgende dae saam met my en Hennie.

Hennie het in hierdie geweste groot geword, met die gevolg dat hy die paaie, wat ek vanaf Ohrigstad na Chrissiemeer wou ry, al gery het en redelik goed ken, en wat ons weer eens weg van die "maklike" paaie neem.

My oorspronklike plan was om 30 dae te ry. Dit het 'n skof van 220 km noordoos van Willowmore tot in Prins Albert en een van 240 km van Lainsburg tot in Tulbagh ingesluit. Soos die Engelsman sê "sanity prevails"! Ek besluit om die skowwe op te breek en voeg twee dae by my skedule.

Op 24 Januarie 2016 neem ek aan 'n wedren, die 24 uur-rit van Oak Valley deel. Omstreeks 03:15 die oggend sien ek die lig van 'n vinniger ryer agter my en besluit om stil te hou sodat hy kan verby kom. Ek het presies geweet waar ek wou stop. Dit was op 'n brug met 'n paal waaraan ek kon vashou terwyl die persoon verby kom. Ongelukkig "mis" ek die paal en val 2 meter ver in 'n gat en breek my linker-gewrig! Dit was nege weke voor my rit sou begin. Die Here was my baie baie genadig en op 6 Maart voltooi ek my 26ste Argus. Die volgende week klim ek weer op 'n bergfiets en teen einde Maart is ek reg om my groot rit te begin. As voorsorgmaatreël ry ek heelpad my 'n gewrigskerm en ondervind geen probleme nie.

Ek het besluit om my verblyf vooraf te bevestig en teen einde Februarie was 80 persent van my verblyf bevestig. Dit het natuurlik bykomende druk op my geplaas om by my beplande skedule van 32 dae, wat 'n hele paar lang dae ingesluit het en waarvan die moeilikheidsgraad onbekend was, te hou.

Op Vrydag 1 April 06:30 klim ek op die vliegtuig na Johannesburg. 'n Kliënt wat in die motoruur-bedryf is, vervoer my en my fiets met 'n bakkie na Beitbrug, waar ek net na 15:00 aankom. Ek begin my BB2BB-rit teen 15:07 en lê die 14 km Musina toe in 1:08 af. Die volgende oggend spring ek om 05:27 weg. Casper Venter, 'n dokter van Louis Trichardt, ry saam met 'n kollega met 'n motor tot op Mophane en vandaar per fiets Musina se kant toe. Ons ontmoet mekaar langs die pad sodat hulle die res van die dag saam met my kan ry. Die volgende twee en 'n halwe dag is ek alleen totdat Tim van Coller en later in die dag Hennie de Clercq by my aansluit. Hennie ry tot in Chrissiemeer saam met my. Vir die volgende 11 dae van Chrissiemeer tot by Moordenaarspoort ry ek op my eie. Tussen Piet Retief en Amsterdam kom ek 'n vragmotor langs die pad teë, wat stilhou sodat ek nie deur sy stof hoef te ry nie, voordat hy verder ry. Ek het dieselfde ondervinding met 'n stootskrapeer tussen Willowmore en Prins Albert ondervind.

Ek het nie een papwiel in die rit van 3,304 km gehad nie. Ek het albei bande op Underberg gepomp en my "Gator"-bande eers weer op Laingsburg. Ek het ná drie dae agter gekom dat van die laers in die fiets se agterste veringstelsel of suspensie,

speling het. Een van my gashere in Howick het vooraf aangebied om te help met enige onderhoud aan my fiets wanneer ek by hom kom. Ek reël toe vir die vervanging van die laers in Howick. Gelukkig het die ou laers tot daar gehou! Ek het ook probleme met die agterste skokbreker opgetel. Dit is met die hulp van 'n boer in die Aberdeen-distrik opgelos.

Ek het twee en 'n halwe nat dae gehad. Die eerste keer was die eerste dag wat Hennie de Clercq hom by my aangesluit het van Ohrigstad na die Long Tom-pas. Dit was sekerlik die moeilikste dag van die hele rit. Ons het 'n pragtige ent van Ohrigstad, deur 'n privaat wildtuin (waar Hennie vir ons toestemming gekry het om deur te ry) tot in Crystal Spring gery waar ons om 08:00 'n "tweede" ontbyt gehad het. Toe ons na ontbyt buite kom, word ons met 'n sagte Oos Transvaalse reën gekonfronteer. Hierdie reën hou die res van die dag aan. Hennie "verloor" die pad wat hy wou ry en ons "ploeter" deur Mount Sheba in 'n poging om by Steve Thomas van Riding the Dragon's Spine se "track" uit te kom, wat ons na heelwat gesukkel regkry. Intussen reën dit heelyd sag en deurdringend. My oorspronklike plan was om by Misty Mountain Lodge op die Long Tom-pas te bly, maar hulle het nie vir ons plek gehad nie met die gevolg dat ons toe maar by Hops Hollow, ook op die pas, bespreek het. Ek het gedink ons sou nog 5 km die pas moes opry wanneer ons by die teerpad kom. Ons vreugde was groot toe ons na 11:50 en 97 km by die teerpad kom en Hops Hollow se bordjie aan die oorkant van die pad sien!

Ek het net drie dae wind van voor gehad, gelukkig was dit nie stormsterk nie, maar sterk genoeg om goeie vordering te belemmer. Die res van die tyd was die weer bykans perfek. Ek het soggens tussen 05:00 en 06:30 begin. My langste dag was net meer as 13 uur en my kortste dag was net meer as 5 uur. Ek het 'n hele paar dae om en by 7 tot 8 uur gery en 'n paar keer 10 tot 11 uur. Ek het nooit na donker by 'n bestemming aangekom nie.

Ek het 2011 my na vier dae aan die Freedom Challenge onttrek as gevolg van nierprobleme. Sedertdien pak ek altyd meerdaagse ritte met antibiotika in my sak aan. Ek het ná ongeveer 14 dae agter gekom my blaas is nie lekker nie en begin toe antibiotika as voorsorgmaatreël drink. In die nag van 15 April het ek beslis simptome van blaasinfeksie getoon. Gelukkig het die antibiotika gewerk en het ek gou daarvoor gekom en het geen newegevolge gehad nie.

My vriend Olof de Villiers sou homop Rhodes by my aansluit om 'n paar dae "saam" te ry met sy GS-motorfiets. Hy het egter binne enkele kilometers van sy huis, toe hy met die GS se GPS besig was eerder as om voor hom in die pad te kyk, 'n ongeluk gemaak. Gelukkig nie te ernstig nie, maar wel sodanig dat die GS nie Rhodes sou haal nie. In die proses verloor hy 'n dag. Ek het vooraf kaarte vir hom gegee om vir my te bring. Hy spring in sy bakkie en ry Moordenaarspoort (my eerste stop na Rhodes) toe om die aflewering te doen en ry die volgende dag terug Plett toe. Dit is nou 'n ware vriend.

Hoffie Conradie klim in die Kaap op 'n bus, met sy fiets, Queenstown toe. Hy sit sy fiets daar aanmekaar en ry Moordenaarspoort toe en vergesel my die volgende agt

dae.

Ek het ná ongeveer 'n week besluit om die 220 km rit noordoos Willowmore tot in Prins Albert in twee dae op te breek. Ek het ook, voordat ek begin het, besluit om die Laingsburg-skof na Tulbagh van 240 km ook eerder oor twee dae te doen. Wat ek egter vergeet het, was dat die tweede aanpassing gedoen is voordat ek begin ry het! Ek laat weet toe dat ek twee dae by my skedule gevoeg het. Tot ek my sommetjies weer doen, onderwyl ek deur die Karoo ry, besef ek dat my rit net 31 dae sal duur. Teen daardie tyd het Sue al plek in Tukkbagh bespreek en van my vriende wat die laaste dag saam met my wou ry, kon nie op 1 Mei dit maak nie. Die gevolg is toe dat ek twee dae in Kareekloof in die suide van die Tankwa-Karoo oorbly en die Saterdag as losmaker die 37 km na die Tankwa-Karoo padstal en terug ry. Dit was die week van die Africa Burn-fees met die gevolg dat die pad na die padstal en terug amper soos die N1 gelyk het as gevolg van al die motors wat huiswaarts gekeer het.

Hennie, sy vrou en my vrou sluit Sondagaand 1 Mei by my in Tulbagh aan sodat Hennie die laaste dag saam met my kan ry. Twee van my vriende, Danie Kotze en Mike Smit, kry vir Johan Schoeman om hulle na 'n vooraf ooreengekome punt te neem sodat hulle die laaste 60 km saam met my kan ry.

By Bloubergstrand wag 'n menigte mense my in en verwelkom my na 32 dae en 3,304 km. Voorwaar 'n helde-ontvangs.

Wat sê jy nou oor so 'n avontuur? Jy dank ons Hemelse Vader vir goeie gesondheid, veilige bewaring langs die pad, geen teëspoed, die vermoë om by die beplande tydskedule te bly, goeie weer en die ondersteuning van familie en vriende gedurende die 32 dae op die pad. Jy dank Hom ook vir sy voorsienigheid om daardie twee dae van meer as 200 km in vier dae om te skep. Dit was voorwaar 'n bestiering en sou sekerlik fisieke probleme geskep het indien ek dit in twee dae probeer doen het. Ek het nooit gedurende die 32 dae bedreig gevoel nie en net vriendelikheid en welwillendheid langs die pad teëgekom.

Ek het gedurende die 32 dae 280 uur op my fiets deurgebring. Dit beloop 37.6% van die tyd wat ek weg was. Ek het in totaal 43,254 m geklim en 44,668 m gedaal.